

## 18 AUGUSTUS

09:00 Erediens – Kanselruiling

**Arno Meiring** Universiteitsoord

09:00 Kategese gr 1-6

09:00 Kleuterkerk

*Bring gerus die kleuters – die personeel is al voor 9 uur gereed om hulle in die Kleuterkerk te ontvang. Almal welkom!*

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe

**Fouché de Wet**

*Wees meer materialisties! Ps. 19*

19:00 Belydenisklas

**Eric Scholtz**

*Ons roeping: Om God se koninkryk te vestig ('n Gasvrye gemeente)*

## 25 AUGUSTUS

09:00 Erediens (Kerk)

**Fouché de Wet**

09:00 Gesinsdiens (Saal)

**Peet Crous**

*Marita Roos kom kuier.*

09:00 Kategese gr 1-6 saam met Gesinsdiens

09:00 Kleuterkerk saam met Gesinsdiens

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe

**Jakkie Strachan**

19:00 Belydenisklas

**Peet Crous**

*Hoekom gebeur daar slegte goed met goeie mense?*

### Voorbidding:

*Peter Colin van Glenwood Park is oorlede.*

*Begrafnis was Vrydag in die kerk.*

*Elsabé Prinsloo, Borderweg-Oos 318, Lynnwood, 082 298 8339 – herstel na operasie.*

*Skipper Clark, Jasonstraat 65, Lynnwood Glen, 072 505 2726 – herstel na operasie.*



Aansoeke vir Belydenisaflegging op 25 Augustus sluit vandag. Alle aansoeke moet so gou moontlik by die kerkkantoor ingehandig word of e-pos dit aan [bets@nglynnwood.co.za](mailto:bets@nglynnwood.co.za). Indien jy nog nie 'n vorm ontvang het nie, kontak asseblief die kerkkantoor by 012 348 1245 of stuur 'n e-pos.

Gemeentevrouebediening wil graag uitreik met 'n bederfie vir Harmonie-Oord. Bring gerus droë koekies en sit dit in die gemerkte houer in Koinonia. Baie dankie vir die ondersteuning.

Gemeentevrouebediening nooi al die mans en vroue hartlik uit na 'n Lentekuieraand op 18 September om 18:30 vir 19:00 in Koinonia. Spreker: *Marina de Wet*. Tema: *Krag van Kleipotte*. Koste: R100 pp Besprekings: Info-toonbank of kontak die Kerkkantoor 012 348 1245.

***Sterkte aan al die Matrieks met die rekord-eksamen.***

*Ian en Jolanda McIntyre en gesin, Queens Crescent 393, Lynnwood, 082 787 6658 – Jolanda se pa is oorlede.*

*Isabella Grobler, Lynburnweg 43, Lynnwood Manor, 082 950 2316 – hospitaal.*

*Yvonne Joubert, St. Peters Garden Estate 2B, Jacqueline Drive 457, Garsfontein – Mooiegeleë (step down).*

# Die week se kalenderaktiwiteite

<b>Maandag:</b>	<b>Gemeenskapsete</b> 17:30 (kom bymekaar by die kerk).
<b>Dinsdag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 079 893 5572. <b>Bybelstudie</b> 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 082 856 5959. <b>Tabita Naaldwerkklasse</b> 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. <b>Nuwe Generasie Bybelskool</b> 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.
<b>Woensdag:</b>	<b>Kleingroep vir Mammass met babas en kleuters</b> 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 / Marina de Wet 082 505 2616. <i>Ons behandel 'n nuwe boek!</i>
<b>Donderdag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 09:30 (Lynnwood Oord). <b>Tabita Naaldwerkklasse</b> 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.
<b>Vrydag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 082 856 5959. <b>Gebedsgroep</b> 09:30 (B5). Hanthi 083 293 0263   Peet 079 893 5572 met gebedsversoeke.

## Dis nodig om na te dink oor die pas waarteen ons lewe

In die vroeë 1970's het John Darley en Daniel Batson, twee sielkundiges van die Princeton-Universiteit, 'n sosiale eksperiment gedoen wat sedertdien groot bekendheid verwerf het. (Yuval Noah Harari verwys byvoorbeeld daarna in sy wydgelese 21 Lessons for the 21st Century.)

Jesus se gelykenis van die barmhartige Samaritaan – waarvolgens 'n nie-Jood hulp verleen aan 'n man wat deur rowers oorval is, terwyl 'n Leviet en 'n priester verby die gewonde man in sy nood stap (Lukas 10:29-37) – het as inspirasie vir Darley en Batson se studie gedien.

As deel van hul eksperiment is aan 40 studente van Princeton se teologiese seminarium gevra om 'n kort praatjie voor te berei wat hulle dan in 'n gebou aan die oorkant van die straat moes gaan lewer.

Aan die een helfte van die groep is 'n meer algemene tema gegee, terwyl die ander helfte spesifiek op die gelykenis van die barmhartige Samaritaan moes fokus.

Met die oorbeweeg na die ander lokaal moes die studente verby 'n gehawende man beweeg wat hoes en kreun en lyk of hy hulp benodig. Die doel hiervan was natuurlik om te kyk wie van die studente die man, wat daar "geplant" is, probeer help.

'n Belangrike veranderlike in hierdie eksperiment was dat die studente onder wisselende grade van tydsdruk verkeer het. Vir sommige is gesê dat hulle eintlik reeds by die ander lokaal moes gewees het. 'n Tweede groep het so 'n bietjie meer tyd gehad, maar moes ook betreklik gou maak, terwyl 'n derde groep rustig kon oorstap.

Die resultate van die studie het onder meer ingehou dat dit nie veel verskil gemaak het of die studente oor 'n meer algemene tema of oor die gelykenis moes praat nie. Wat wel 'n impak gehad het, was die tydsdruk waaronder hulle verkeer het.


Net 10% van die studente wat gedink het dat hulle reeds laat was, het die man probeer help. Uit die groep wat 'n bietjie meer tyd gehad het, het 45% gestop, terwyl 63% van hulle wat rustig kon oorstap, hulp verleen het.

Navorsing soos hierdie kan ons laat vra na die impak van 'n gees van gejaagdheid op ons lewens. Lei die feit dat ons dikwels voel ons moes eintlik reeds elders gewees het, nie daartoe dat ons nie genoegsaam vir familie, vriende en vreemdelinge dáár is nie? Dalk is dit daarom soms nodig dat vir ons 'n spieël opgehou word wat ons bewustelik laat nadink oor die pas waarteen ons lewe – ter wille van onself, ander mense, en die skepping waarvan ons deel is.

(Bogenoemde het op 13 Julie 2019 in *Beeld* se rubriek *Sielsgoed* verskyn en is deur professor Robert Vosloo geskryf)

Groete  
Eric Scholtz  
(Namens die predikantespan)

*Eredienswerkers by die afgelope Sondag se erediens (van links na regs): Vasthi en Frans Henrico, Bettie Hammann, Mathilda Gey van Pittius, Sue Visser, Dawie en Bettie Mullins en Herman Groenewald. Insetsel: Nelia Louw. Nelia, Frans, Vasthi, Herman en Sue is al langer as 35 jaar by Eredienswerk betrokke.*



*Na verlede jaar se "Dollar a Day" ervaring, probeer die jongmense van Nuwe Generasie ten minste een keer per week, as familie, saam eet. Hierdie week het almal voor werk by Jeanri gaan kuier.*



*Nuwe Generasie het 'n Thule-tas as skenking ten bate van hulle CMR uitreik vir fondsinsameling ontvang. Immanuel het die trekking waargeneem. Kaartjie nommer 34 wat deur Erik van Niekerk gekoop is, het die tas gewen – baie geluk!*

*Stuur gerus foto's aan die kerkkantoor by 063 481 3864*



# Kontak ons!

☎ 012 348 1245

🕒 Kantoorure: Ma-Do 07:30 – 12:30, Vry 07:30-12:00

✉ [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za);

🌐 [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za)

✉ Posbus 36430, Menlopark, 0102

📍 Sussexlaan 439, Lynnwood (GPS: S 25° E 28° 15.93)

📞 084 588 4948 Juan Ferreira (koster)

📞 073 267 7019 Maretha Brits (kombuis)

📧 [bets@nglynnwood.co.za](mailto:bets@nglynnwood.co.za) (lokaalhuur)

📞 012 348 1245 (CD bestellings (diens en begrafnis)

✉ [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za) (Muur van herinnering)

📞 063 481 3864

**Lidmaatskap:** Het jou inligting verander of wil jy 'n lidmaat word? Aanlynvorm: [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za) – meer info – vorms | Kontak: 012 348 1245 of e-pos [bets@nglynnwood.co.za](mailto:bets@nglynnwood.co.za).

**Doopregistrasie:** Aanlynvorm: [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za) – meer info – vorms | Kontak: 012 348 1245 of e-pos [bets@nglynnwood.co.za](mailto:bets@nglynnwood.co.za).

**Klein advertensies:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank. Stuur dit ook gerus vir plaas op die kennisgewingborde en in Gemeenskapsblad op die web <https://st2.ning.com/topology/rest/1.0/file/get/3351499160?profile=original>.

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar. Dankie vir u ondersteuning.



## HANDIG IN BY DIE INFO-TOONBANK

Besoeker? Nuwe intrekkers? Ons wil jou graag leer ken!

Naam & Van: \_\_\_\_\_

@ \_\_\_\_\_

☎ \_\_\_\_\_

Enkel

Jonggetroude

Tiener

Gesin

Student

Senior-lidmaat

Jongvolwassenes

## kwartaal drie



17 JUL | JV Pizza

28 JUL | Hoërskool Sondag

3 AUG | Wetnose Uitreik

5 AUG | Open Space

19 AUG | JV Gemeenskapsete

1 SEPT | Nagmaalsfees

2 SEPT | Open Space

18 SEPT | Workshop 101



**Elektroniese e-pos (Kontak):** Mense wat nog nie die Kontak elektronies ontvang nie of weet van iemand wat dit graag wil ontvang, kan gerus hulle e-pos adresse aan die kerkkantoor stuur by [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za) of WhatsApp dit aan 063 481 3864.

**Parkering tydens eredienste:** Almal word vriendelik versoek om asseblief wettig en ook in die regte rigting voor die kerk te parkeer tydens die eredienste, om verkeerspolisie-optrede te voorkom.

**Herwinningshouers:** In die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artikels. Maak asseblief artikels, kartonhouers en blikkies plat.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of *Snap Scan*.

